

Die inligting in hierdie dokument word deur die Universiteit Stellenbosch (US) beskikbaar gestel aan die leser slegs vir inligtingsdoeleindes.

Die inhoud van hierdie dokument mag nie gewysig word of gekopieër word sonder die skriftelike toestemming van die US nie.

Hoewel die US alle redelike pogings aangewend het om die akkuraatheid en volledigheid van die inligting in hierdie dokument te verseker, is die US nie aanspreeklik of verantwoordelik teenoor enige persoon of entiteit vir enige foute, weglatings, verlies of skade wat uit die gebruik van die inligting mag voortspruit nie.

Die Rektorat se siening oor veeltaligheid en die US Taalbeleid

31 Mei 2021

1. Inleiding.....	2
2. Huidige Taalbeleid en die proses om dit te hersien	2
3. Strategiese koers van die Universiteit	3
4. Huidige en toekomstige belegging in veeltaligheid.....	4
a) Scenario 1: Volledige parallelmediumonderrig – van aangesig tot aangesig.....	5
b) Scenario 2: Volledige parallelmediumonderrig – tegnologiebemiddeld	6
c) Scenario 3: Enkelmediuminstelling – Engels.....	6
d) Scenario 4: Enkelmediuminstelling – Afrikaans.....	7
5. Gevolgtrekking	7

1. Inleiding

Volgens die Statuut van die Universiteit Stellenbosch¹ (US) staan die Rektroraat die Rektor daarin by om die Universiteit te bestuur. Elke Rektroraatslid het 'n eie stel gedelegeerde verantwoordelikhede rakende die administrasie en bestuur van die Universiteit, en dit word in die US se delegasieraamwerk omskryf. Die Rektroraat is nie in komiteeverband verantwoordelik vir die hersiening van die Taalbeleid wat onderneem word deur die taakspan wat deur die eienaar van die Beleid, die Viserektor: Leer en Onderrig, ingevolge die Beleid aangewys word nie. Die Rektroraat is in 'n posisie en het die plig om insette en sienings vir oorweging te verskaf wanneer die US Taalbeleid hersien word, soos in alle sake van institusionele belang.

Die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, soos gewysig, plaas die verantwoordelikheid vir die goedkeuring van die Taalbeleid op die Raad, met die instemming van die Senaat. Die Rektroraat se siening word dienooreenkomstig voorgelê vir oorweging deur die onderskeie institusionele liggame en komitees, personeel en studente, en belangstellende partye wat die konsepweergawe van die Taalbeleid mag oorweeg in die aanloop tot voorlegging aan die Senaat en die Raad met die oog op goedkeuring. Individuele lede van die US Bestuur sal ook in die onderskeie institusionele strukture aan die hersieningsproses deelneem en, bykomend daartoe, in hulle hoedanigheid as lede van die Senaat of Raad.

2. Huidige Taalbeleid en die proses om dit te hersien

Die Raad het die US se huidige Taalbeleid in 2016 aangeneem, en dit het in 2017 in werking getree. Ons is vol vertroue dat dit tot dusver doeltreffend deurgevoer is. Beplannings- en moniteringsmeganismes is ingestel, en die fakulteite en PASD-omgewings (professionele en administratiewe ondersteuningsdienste) lewer gereeld terugvoer aan die Senaat en die Raad. Verskeie meningspeilings is onder studente en personeel gedoen, en alle aanwysers het op beduidende waardering vir en tevredenheid met die deurvoering van die Taalbeleid gedui. Dit beteken nie dat alles perfek verloop het nie. Daar het uitdagings opgeduik, en dit is hanteer. Nietemin bied die huidige hersiening van die Taalbeleid 'n geleentheid vir verdere verbetering.

Die 2016-Taalbeleid word tydens 2021 hersien as deel van die vyfjaar-hersieningsiklus wat in die Beleid self voorgeskryf word. Die hersieningsproses het in Oktober 2020 'n aanvang geneem met die samestelling van 'n taakspan. Die Raad het die taakspan en proses op 30 November 2020 goedgekeur. Die US Statuut reël dat die Raad die taalbeleid van die instelling moet bepaal met die instemming van die Senaat en ooreenkomstig artikel 27(2) van die Wet op Hoër Onderwys. Die doelwit is om 'n finale konsepweergawe van die 2021-Taalbeleid op 2 Desember 2021 vir goedkeuring aan die Raad voor te lê.

Die Konstitusionele Hof het in 2019 bevind dat die 2016-Taalbeleid aan die Grondwet voldoen en dat die proses waarvolgens die Universiteit dit aanvaar het "deeglik, omvattend, insluitend en behoorlik oorwoë" was. Daarom het die taakspan die huidige beleid as vertrekpunt gebruik om die eerste konsepweergawe van die hersiene beleid vir die proses van openbare deelname op te stel.

Die hersiening word ook gerig deur, onder meer, die US se *Visie 2040* en *Strategiese Raamwerk 2019–2024*, wat aangeneem en deurgevoer is nadat die 2016-Taalbeleid goedgekeur is, sowel as die

¹ Institusionele Statuut van die Universiteit Stellenbosch, *Staatskoerant* nr. 42636, 16 Augustus 2019

Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings (2020) soos in artikel 27(2) van die Wet op Hoër Onderwys gestipuleer.

3. Strategiese koers van die Universiteit

Die US se koers word bepaal deur die dokument *Visie 2040*, wat die Universiteit visualiseer as Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit wat wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word en waar ons kennis tot diens van die samelewing bevorder. As navorsingsintensiewe instelling lok ons uitmuntende studente, stel talentvolle personeel aan en bied 'n wêreldklasomgewing; 'n plek wat met die wêreld verbind is en gemeenskappe plaaslik, op die vasteland en in die res van die wêreld verryk en transformeer.

Die Universiteit omarm die diversiteit van ons samelewing en die intellektuele rykdom wat daardie diversiteit inhou. Ons verklaarde strewes sluit in om 'n "geïntegreerde akademiese gemeenskap [te wees] wat kritiese denke vier, gesprek bevorder en tot demokrasie, menseregte en sosiale geregtigheid verbind is". Een van ons kern- strategiese temas is om 'n "florerende Universiteit Stellenbosch" op te bou, en die doelwitte wat ons nastreef om dit te verwesenlik, sluit in om "'n US [te kweek] wat gekenmerk word deur inklusiwiteit ... en diversiteit".

Die US se waardes is uitnemendheid, deernis, verantwoordbaarheid, respek en billikheid. Wat taal betref, is respek en billikheid die mees tersaaklike onder hierdie vyftal. Met "respek" verwys ons na "beleefdheid in ons onderlinge en openbare diskoers, behoorlike inagneming van almal se vryheid, gelykheid en waardigheid"; "billikheid" verwys na "restitusie in reaksie op ons vorige nalatenskap en regverdigheid in ons strewes".

Die US se verbintenis tot veeltaligheid is belym met en ondersteun die Universiteit se kern- strategiese temas en *Visie 2040*. Deur die US se 2016-Taalbeleid deur te voer, skep die Universiteit geleenthede vir die bevordering van veeltaligheid in akademiese en sosiale ruimtes. Sodoende verbreed ons toegang tot 'n universiteitsopleiding, kweek ons 'n inklusiewe kampuskultuur en ondersteun ons studentesukses. Ons verbintenis tot veeltaligheid sluit alle tale in, met die klem op die drie tale wat oorheersend in die Wes-Kaap gebruik word – Afrikaans, Engels en Xhosa.

Die US se verbintenis tot veeltaligheid spruit uit 'n hele aantal oorwegings; dit is nie 'n blote pragmatiese maatreël om verskeie tale te akkommodeer nie. Dit is daarop ingestel om mense 'n stem te gee, ongeag die taal wat hulle besig. Dit spreek tot die diversiteit van ons land en stel ons in staat om met mekaar om te gaan op maniere waarop ons andersins nie sou kon nie. Op US-kampusse word studente in die daaglikse omgang blootgestel aan veeltaligheid en respek vir mekaar se kulturele erfenis en taal. Daardeur ontwikkel hulle eienskappe van gegradueerdes wat hulle slyp tot betrokke burgers met die vaardighede en ingesteldhede om saam te werk aan samebindende en verdraagsame gemeenskappe binne 'n diverse samelewing. Ons is vol vertroue dat ons studente meer keuses, breër toegang en 'n beter toekoms het danksy die US se benadering tot taal.

Die US Taalsentrum en taaldepartemente in die besonder, sowel as akademiese personeel uit ander departemente, verskaf alreeds uitgebreide ondersteuning vir veeltaligheid op die volgende te wyses:

- *akademiese en professionele geletterdhede* – byvoorbeeld, deur middel van kredietdraende kursusse binne fakulteite, wat studente in staat stel om die gaping tussen sekondêre en tersiêre onderrig te oorbrug, kursusse in interkulturele kommunikasie, en die dienste wat die Skryflab en Leeslab lewer;
- *taalverwerwings- en kommunikasiekursusse* in Engels, Afrikaans en Xhosa vir plaaslike en internasionale studente sowel as US-personeel; en

- *taaldienste* – byvoorbeeld vertaling en redigering in 15 tale, die toepassing van verstaanbare taal en kommunikasieontwerp, terminologie-ontwikkeling en die vertaling van podsending-lesingmateriaal, sowel as tolkdienste in Afrikaans, Engels, Xhosa en SA Gebaretaal.

4. Huidige en toekomstige belegging in veeltaligheid

Die US belê substansieel in veeltaligheid, met ±R44,9 miljoen wat vir die deurvoering van die 2016-Taalbeleid in 2021 begroot is. Dit sluit nie die geld in wat fakulteite en PASD-omgewings aan bykomende taalondersteuning bestee nie. Hierdie regstreekse belegging beloop 0,7% van die US se totale geïntegreerde begroting.

’n Bykomende ±R90 miljoen moet ingereken word vir die institusionele koste van veeltaligheid in die vorm van implisiete personeelverwante kostes, vir PASD- sowel as akademiese personeel (bv. die vertaling van lesingmateriaal, eksamenvraestelle, verslae, aanbiedings en e-posse). As die US ’n eentalige universiteit was, sou ons nie hierdie uitgawes gehad het nie. Dit beteken dat veeltaligheid ’n doelbewuste keuse is wat bepaalde institusionele doelstellings en uitkomstehelpe, maar dis ’n duur opsie waarvan die uitdagings en kompleksiteite bekend is. Een sodanige uitdaging is die vereiste in die Taalbeleidsraamwerk dat alle interne amptelike dokumentasie in drie tale verskaf moet word. Dit het vanselfsprekende koste-implikasies (opsie B in die US-bekostigingsdokument), ’n kwelpunt wat by wyse van die ondersteunende befondsing in die Taalbeleidsraamwerk verlig kan word.

Die diskresionêre deel van die US-begroting – d.w.s. fondse wat nie vir verpligte uitgawes (bv. salarisse) geormerk is nie maar jaarliks toegewys word – beloop R318,5 miljoen. Die 2021 begroting vir taalimplementering maak 14,0% van hierdie diskresionêre fondse uit. ’n Ernstige oorweging in die toewysing van fondse vir institusionele prioriteite is dat die diskresionêre fondse elke jaar volledig aangewend word vir bepaalde institusionele uitgawes. Gevolglik sal enige toewysing vir bykomende uitgawes (bv. om die volledige parallelmediumonderrig- [PMO-]opsie vir alle voorgraadse modules deur te voer) op hertoewysing neerkom: dat bestaande ander prioriteitsake (bv. beurse, Biblioteek- en Inligtingsdienste, die US se drie navorsingssubkomitees, die Gebeurlikheidsfonds of die Strategiese Fonds) gestaak of ingekort word. Hierdie sake is van aansienlike belang om billike toegang tot die US te verseker, om ons navorsingsagenda te ondersteun, om die Universiteit in staat te stel om doeltreffend op gebeurlikhede soos die Covid-pandemie en brande te reageer (m.b.v. die Gebeurlikheidsfonds), en om nuwe en strategies voordelige geleenthede te benut (m.b.v. die Strategiese Fonds).

As bestedingsprioriteite nie aangepas kan word nie, is die ander moontlikheid om *groei te genereer* ten einde ’n groter besteding op veeltaligheid te befonds. Regstreekse staatsubsidies en studentegelde beloop 95% van die US se hoofbegrotingsinkomste. Die US kan geeneen van dié twee inkomstestrome na goeddunke aanpas nie.

- Die Departement Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) besluit oor *staatsubsidies*, en gaan onder dieselfde fiskale probleme as die res van die nasionale begroting gebuk.
- Die US se vermoë om *studentegelde* te verhoog is ook in die afgelope jare ingekort. Die regering kondig sedert 2015 ’n jaarlikse “sosiale kompak” of “riglyn” vir die aanpassing van universiteitsfooie af. Die DHOO is daartoe verbind om amptelike status aan hierdie riglyne te verleen in ’n raamwerk vir sektorale fooi-aanpassings, wat vanaf 2022 toegepas moet word. Sodanige raamwerk sal vereis – nie bloot aanraai nie – dat universiteite die jaarlikse fooi-aanpassings wat die DHOO afkondig, deurvoer. Die jaarlikse riglyn, sowel as die US se benadering, was om fooie aan te pas om die verwagte styging te dek in die koste daarvan om die Universiteit se onderskeie dienste – onder meer personeelkoste en instandhouding – te lewer. Om hierdie rede

is die jaarlikse fooi-aanpassing inflasieverwant. Die DHOO gaan waarskynlik ook hulle jaarlikse geregleerde fooi, soos hulle riglyne die afgelope jare, volgens inflasie aanpas.

Aangesien die US volgens 'n gebalanseerde hoofbegroting werk, sal enige aansienlike verhoging in besteding op veeltaligheid verg dat 'n gedeelte van die jaarlikse fooi-aanpassing toegewys word om veeltalighedsuitgawes te dek. Dit sal die US laat met onvoldoende fondse om die stygende koste van ander dienste te dek. *Dit is die Rektorat se siening dat bykomende uitgawes op veeltaligheid ten koste van ander belangrike institusionele doelstellings onregverdigbaar is, aangesien die US alreeds 'n beduidende persentasie van die huidige begroting op veeltaligheid bestee.*

Vier scenario's het uit respondente se terugvoer tydens die eerste openbare deelnameproses geblyk, naamlik volledige PMO – van aangesig tot aangesig, volledige PMO – tegnologiebemiddeld, enkelmedium – Engels en enkelmedium – Afrikaans. In die afdeling wat volg, verskaf die Rektorat 'n siening oor elk daarvan.

a) Scenario 1: Volledige parallelmediumonderrig – van aangesig tot aangesig

Volledige PMO van aangesig tot aangesig vir alle voorgraadse modules is een manier om veeltaligheid te bevorder en sogenaamde gelyke status en behandeling aan Afrikaans en Engels as tale van leer en onderrig te bied. Om dit deur te voer, sal 'n aansienlike belegging verg – onder meer vir bykomende infrastruktuur en personeel, soos in die US se bekostigingsdokument uiteengesit – aangesien die beskikbare lesingfasiliteite op al vyf kampusse alreeds ten volle benut word. Die opsies en beperkings van verhoogde staatsubsidies en hoër studentefoos om sodanige kostes te dek is in die voorafgaande afdeling uiteengesit. Dit laat die moontlikheid *om die Universiteit te laat groei* ten einde die koste van meer infrastruktuur te absorbeer.

Nasionale inskrywingspraktyke en -prosesse maak dit egter vir die US onmoontlik om eenvoudig ons *studente-inname* binne die raamwerk van gesubsidieerde programme *te verhoog*. Die DHOO is vir nasionale inskrywingsbeplanning aan alle staatsgesubsidieerde universiteite in Suid-Afrika verantwoordelik. Universiteite lê hulle inskrywingsplan aan die DHOO voor, en die plan kan onderhewig aan sekere aanpassings óf daarsonder goedgekeur word. Nasionale inskrywingspraktyke en -prosesse is onderhewig aan parameters wat die DHOO stel, bv. dat die studente-inname vir enige bepaalde universiteit met hoogstens 2% van die goedgekeurde getal mag afwyk, en dat strafmaatreëls mag volg indien die gestelde parameters verontagsaam word. Die DHOO verrig hulle werksaamhede vanselfsprekend binne die parameters wat die nasionale regering stel, soos die bedrag wat vir die befondsing van subsidies en NSFAS-beurse aan voorgraadse studente beskikbaar is. Laasgenoemde, weer, beïnvloed die DHOO se inskrywingsbeplanning. Die opbrengs op belegging sou tot die maksimum gedryf kon word deur die *bykomende infrastruktuur vir laatnamiddag- en aandlesings te benut*. Dit stel egter 'n groot risiko vir studenteveiligheid, aangesien baie studente ná klas moet reis om by hulle woonplek uit te kom.

'n Tendens wat sedert die inwerkingstelling van die 2016-Taalbeleid waargeneem is, is dat *minder studente die Afrikaanse lesingstroom kies* wanneer dit as 'n parallelle medium aangebied word. Voorgraadse studente aan die US wat Engels as taal van leer en onderrig verkies, het vanaf 65,6% in 2016 tot 80,6% in 2021 toegeneem. In 2021 het byna 100% van voorgraadse studente wat 'n ander huistaal as Afrikaans het, Engels as taal van leer en onderrig verkies. Onder voorgraadse studente met Afrikaans as huistaal het 49,2% óók Engels verkies – 'n skerp styging vanaf 2020 (42,5%) en 2019 (35,0%). Dit is 'n belangrike oorweging rakende 'n aansienlike belegging in PMO.

Die *taalvaardigheid van akademiese personeel* is 'n verdere bepalende faset van die PMO-opsie. 'n Meningspeiling is in Desember 2020 en Januarie 2021 opgeneem om insae oor die huidige verspreiding van huistaal onder US-personeellede te verkry, asook die selfwaargenome

taalvaardigheid van akademiese personeel met die oog op aanbieding van voorgraadse klasse, voorbereiding van leermateriaal en bepunting van assesserings in ander tale. Byna alle onderrigpersoneel wat deelgeneem het (97,3%; n = 558), het aangedui dat hulle daarmee gemaklik sou wees om voorgraadse klasse in Engels aan te bied, terwyl 58,4% aangedui het dat hulle daarmee gemaklik sou wees om in Afrikaans aan te bied, en 0,7% in Xhosa. Soortgelyke persentasies is opgelewer vir die voorbereiding van leermateriaal: 98,2% vir Engels, 54,7% vir Afrikaans en 1,1% vir Xhosa. Die verspreiding vir assesserings was 98,7% vir Engels, 62,1% vir Afrikaans en 0,9% vir Xhosa.

Die taalvaardigheid van US-personele stel 'n beduidende uitdaging vir die deurvoering van 'n veeltalige aanbod weens die impak daarvan op die werksverdeling binne akademiese departemente. Hoewel hierdie probleem oorkom kan word deur vaardigheid in 'n bepaalde taal as werwingsvereiste in te sluit, is die Rektraat se siening dat die Universiteit die beste kandidate onder plaaslike en internasionale aansoekers moet werf en dat taalvaardigheid nie 'n struikelblok vir die verwesenliking van dié ideaal moet wees nie.

Laastens: Hoewel die konteks en geskiedenis van die US en dié van die Universiteit van die Vrystaat (UV) verskil, is dit steeds tersaaklik dat die UV se enkelmedium-taalbeleid hoofsaaklik daarop gegrond is dat onderrig in Engels sowel as Afrikaans op swart/wit-rassesegregasie op UV-kampusse uitgeloop het. Engelse klasse is meestal deur swart studente bygewoon, en Afrikaanse klasse meestal deur wit studente. Daar is 'n verband gelê tussen dié segregasie in verskillende klaskamers en die rassesspanning tussen wit en swart studente op die UV-kampus. Daarom het die UV in die hof aangevoer dat *PMO 'n katalisator vir afsonderlikheid tussen groepe studente is, eerder as dat dit doelstellings soos inklusiwiteit, billikheid en gelykwaardigheid bevorder. Die US Rektraat onderskryf hierdie standpunt.*

In die lig van die finansiële beperkings op die Universiteit, die krimpende vraag na Afrikaanse lesings, die taalvaardigheid van akademiese personeel en die moontlike negatiewe uitwerking van PMO op inklusiwiteit, is die Rektraat se siening dat die aansienlike kapitale belegging, bykomende jaarlikse onderhoudskoste en bykomende personeelkoste wat dit sou verg om volledige PMO deur te voer, onregverdigbaar is.

b) Scenario 2: Volledige parallelmediumonderrig – tegnologiebemiddeld

'n Ander moontlikheid as volledige PMO van aangesig tot aangesig, is tegnologiebemiddelde PMO, wat behels dat oorgeklankte lesings beskikbaar gestel word nadat die lesing van aangesig tot aangesig aangebied is. Buiten die koste soos in die US se bekostigingsdokument uiteengesit, is daar kommer oor *die pedagogiese houdbaarheid van so 'n asinchroniese PMO-opsie*: Studente wat op die oorgeklankte lesing aangewese is, ontbeer die voordeel daarvan om intyds saam met die dosent en medestudente te werk. Die sinchroniese PMO-opsie, daarenteen, bied studente in die ander (taal-)groep wel die voordeel van intydse interaksie met die dosent en medestudente. Die waarde van oorgeklankte lesings op sigself – vir doeleindes van hersiening, vaslegging van leermateriaal en veral as dataligte opsie tydens tydperke van nood-afstandsonderrig, -leer en -assessering (Eng. ERTLA) – word nie bevraagteken nie. Die Rektraat ondersteun egter nie hierdie opsie nie op grond daarvan dat dit nie 'n gelykwaardige en pedagogies houdbare oplossing daarstel nie, aangesien nie albei taalgroepe by die lesing as 'n interaktiewe ervaring tussen studente onderling en tussen studente en dosent kan baat nie.

c) Scenario 3: Enkelmediuminstelling – Engels

Hoewel Engels as enkele medium aansienlike kostebesparings sal meebring, is dit nie 'n opsie wat die US ondersoek nie, weens *wetlike en Grondwetlike* oorwegings. *Die Rektraat ondersteun nie hierdie opsie nie, aangesien dit nie belyn is met die US se strategiese voorneme en die doelstellings van veeltaligheid soos dit in hierdie dokument uiteengesit word nie.*

d) Scenario 4: Enkelmediuminstelling – Afrikaans

Ook Afrikaans as enkele medium is nie 'n lewensvatbare opsie vir die US nie, ook weens *wetlike en Grondwetlike* oorwegings. Die Konstitusionele Hof het dit in die uitspraak in die *Gelyke Kanse*-saak duidelik uiteengesit:

[27] En, natuurlik, soos die geval dikwels in ons land is, is daar 'n skerp rassige faset van die verskille wat hierdie feite weerspieël. Twee aspekte troon bo die ander uit. Eerstens: Die meeste swart (anders as bruin) nuwelingtoetreders tot die Universiteit is nie vaardig genoeg in Afrikaans om daarin onderrig te word nie. Tweedens: In die geheel beskou, is die nuwelingtoetreders vir wie Afrikaans 'n struikelblok daarstel, nie bruin of wit nie, maar oorweldigend swart [eie vertaling].

Om bogenoemde en die institusionele redes soos vir die enkelmedium-opsie in Engels uiteengesit, ondersteun die Rektooraat nie hierdie opsie nie.

5. Gevolgtrekking

Hierdie Rektooraatsiening fokus op die vier scenario's wat uit die openbaredeelnamefase van die Taalbeleid-hersieningsproses geblyk het, en die Rektooraat is van mening dat die befondsing van die volledige PMO-opsies (van aangesig tot aangesig of tegnologies bemiddeld) in die huidige konteks nóg lewensvatbaar, nóg wenslik is. Die Rektooraat ondersteun ook nie 'n enkelmedium-opsie (hetsy Engels of Afrikaans) nie weens wetlike en Grondwetlike oorwegings, en op grond van die US se *Visie 2040* en *Strategiese Raamwerk 2019–2024*.

Nietemin wil die Rektooraat uitdruklik die siening stel dat die US verbind is tot veeltaligheid wat op geen uitsluiting uitloop nie en wat met *Visie 2040* en *Strategiese Raamwerk 2019–2024* belyn is. Die Rektooraat het probeer om in hierdie dokument duidelik uiteen te sit dat veeltaligheid wel belangrike voordele vir ons instelling en studente inhou, solank dit deurgevoer word binne die parameters wat die US se huidige belegging in veeltaligheid stel en nie ten koste van ander strategiese inisiatiewe is nie.